



## KONTRAK

### Tussen

BAKEN AKADEMIE SKOLE (PTY) LTD (2014/190215/07)

(Hierna in die kontrak verwys as “**die Skool**”)

Geleë te

Gereformeerde Kerkgebou  
41 Derde Weg  
Northwold

### EN

Rekeninghouer/s se Volle Name, Van en ID nommer

(Hierna in die kontrak verwys as “**die Rekeninghouer/s**”)

# REKENINGHOUER/S SE BESONDERHEDE

## OUER 1

Titel: \_\_\_\_\_ Van: \_\_\_\_\_

Volle Name: \_\_\_\_\_ ID Nommer: \_\_\_\_\_

Verhouding tot Leerling: \_\_\_\_\_ Huwelikstatus: \_\_\_\_\_

Beroep: \_\_\_\_\_ Werkgewer: \_\_\_\_\_

Werk Telnr: \_\_\_\_\_ Huis Telnr: \_\_\_\_\_ Selffoonnr: \_\_\_\_\_

E-pos Adres: \_\_\_\_\_

Posadres: \_\_\_\_\_ Woonadres: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_

Kode: \_\_\_\_\_ Kode: \_\_\_\_\_

Ouerstatus:

Leerling bly by die ouer(s)	Leerling se wettige voog	Toegangsregte tot leerling	Toegangsregte tot leerling slegs in noodgevalle
-----------------------------	--------------------------	----------------------------	---

Besonderhede van leerlinge tans in Baken Akademie wat in u sorg is:

1. Naam: \_\_\_\_\_ Graad: \_\_\_\_\_ 2. Naam: \_\_\_\_\_ Graad: \_\_\_\_\_

3. Naam: \_\_\_\_\_ Graad: \_\_\_\_\_ 4. Naam: \_\_\_\_\_ Graad: \_\_\_\_\_

## OUER 2

Titel: \_\_\_\_\_ Van: \_\_\_\_\_

Volle Name: \_\_\_\_\_ ID Nommer: \_\_\_\_\_

Verhouding tot Leerling: \_\_\_\_\_ Huwelikstatus: \_\_\_\_\_

Beroep: \_\_\_\_\_ Werkgewer: \_\_\_\_\_

Werk Telnr: \_\_\_\_\_ Huis Telnr: \_\_\_\_\_ Selffoonnr: \_\_\_\_\_

E-pos Adres: \_\_\_\_\_

Posadres: \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
Kode: \_\_\_\_\_

Woonadres: \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_  
Kode: \_\_\_\_\_

Ouerstatus:

Leerling bly by die ouer(s)	Leerling se wettige voog	Toegangsregte tot leerling	Toegangsregte tot leerling slegs in noodgevalle
-----------------------------	--------------------------	----------------------------	---

Besonderhede van leerlinge tans in Baken Akademie wat in u sorg is:

1. Naam: \_\_\_\_\_ Graad: \_\_\_\_\_ 2. Naam: \_\_\_\_\_ Graad: \_\_\_\_\_  
3. Naam: \_\_\_\_\_ Graad: \_\_\_\_\_ 4. Naam: \_\_\_\_\_ Graad: \_\_\_\_\_

## VERKLARING DEUR REKENINGHOUER/S

### 1. Aanvaarding van aanspreeklikheid

Die persone verantwoordelik vir die rekening “die Rekeninghouer/s” soos uiteengesit in die kontrak, aanvaar hiermee aanspreeklikheid vir die rekening en verbind hom/haarself as ’n mede-debiteur en borg vir die betaling van alle fooie aan die Skool verskuldig.

### 2. Terme van betaling

- 2.1 Fooie word aan die begin van ’n skooljaar vasgestel en sal skriftelik gekommunikeer word.
- 2.2 Skoolfooie sal elke kalenderjaar verhoog, soos bepaal deur die Direksie van Baken Akademie Skole (Pty) Ltd op daardie tydstip.
- 2.3 Die Rekeninghouer/s sal die Skool onmiddellik in kennis stel indien hy/sy nie ’n faktuur ontvang het aan die begin van elke kalendermaand nie.
- 2.4 Die eenmalige nie-terugbetaalbare registrasiefooie is betaalbaar deur middel van ’n elektroniese fondsoordrag of ’n kontantdeposito by ’n bank (waar moontlik deur gebruik van ’n OTM) tydens ondertekening van die kontrak.
- 2.5 Die jaarlikse kapitaal- en toerustingsfonds, soos vervat in die skoolfooistruktuur van die betrokke jaar, is betaalbaar in een paaiement op of voor die 31<sup>ste</sup> (laaste) dag van November van die **voorafgaande** jaar deur middel van ’n elektroniese fondsoordrag of ’n kontantdeposito by ’n bank.
- 2.6 Skoolfooie vir 11 (elf) maande is vooruitbetaalbaar (vanaf Januarie tot November) deur middel van ’n elektroniese fondsoordrag of ’n kontantdeposito by ’n bank (waar moontlik deur gebruik van ’n OTM) op of voor die 1<sup>ste</sup> (eerste) dag van elke kalendermaand of vooruit deur middel van ’n elektroniese fondsoordrag of ’n kontantdeposito by ’n bank (waar moontlik deur gebruik van ’n OTM) afhangende van die afslag-opsie deur die Rekeninghouer/s gekies (skoolfooie jaarliks of termynliks vooruitbetaalbaar).

- 2.7 Busgeldfooie, waar van toepassing, is vooruitbetaalbaar vir 11 (elf) maande (vanaf Januarie tot November) deur middel van 'n elektroniese fondsoordrag of 'n kontantdeposito by 'n bank (waar moontlik deur gebruik van 'n OTM) op of voor die 1<sup>ste</sup> (eerste) dag van elke kalendermaand.
- 2.8 Die Skool behou die reg voor om rente te hef teen 'n koers soos bepaal deur die Direksie van Baken Akademie Skole (Pty) Ltd van tyd tot tyd, wat nie die maksimum koers soos voorgeskryf deur Suid-Afrikaanse wetgewing sal oorskry nie, op alle fooie vir langer as 30 dae uitstaande. Die genoemde rente sal maandeliks agterna bereken word vanaf die vervaldatum tot die datum van betaling, albei dae ingesluit.
- 2.9 Die Rekeninghouer/s sal aanspreeklik gehou word vir Baken Akademie se gebruikelike koste en nodige uitgawes aangegaan in die administrasie met betrekking tot die laat of nie-betaling van die genoemde fooie en toevallige uitgawes, insluitend, maar nie beperk tot die betaling van die bankkoste wat voortspruit uit onbetaalde tjeks of teruggekeerde debietorders.
- 2.10 Die Rekeninghouer/s verleen toestemming tot die jurisdiksie van die landdroshof ten opsigte van enige aksie wat deur Baken Akademie ingestel word.
- 2.11 Die betaling van die skoolfooie is nie onderhewig aan die aanbieding van 'n staat nie. Betalings word gemaak in ooreenstemming met die skoolfooistruktuur van die Skool vir die betrokke kalenderjaar.
- 2.12 In die geval waar 'n huidige rekening nie behoorlik bestuur is nie, sal geen verdere aansoeke oorweeg word nie.
- 2.13 Benewens die skoolgeld wat deur Baken Akademie gehef word, sal die Aansoeker/s aanspreeklik wees vir stygings in sodanige addisionele fooie, insluitend ledegeld en heffings wat van tyd tot tyd opgelê kan word.
- 2.14 Alle toevallige uitgawes aangegaan gedurende die verloop van die termyn, sal by die aanbieding van die rekeningstaat betaalbaar wees.
- 2.15 Die Rekeninghouer/s aanvaar dat 'n leerling se afwesigheid van die Skool of onvermoë om skool by te woon, nie die verpligting om die skoolfooie te betaal, uitwis nie.

### 3. Kontrakbreuk

Indien die ondergetekende borg of Rekeninghouer/s kontrakbreuk pleeg ten opsigte van die terme en voorwaardes bevat in hierdie kontrak, behou die Skool die reg voor om:

- 3.1 Die leerling toegang tot die skoolperseel te weier; of
- 3.2 Die leerling uit die Skool te verwyder; of
- 3.3 Akademiese vorderingsverslae en oorplasingskaarte te weerhou; of
- 3.4 Die leerling se inskrywing vir eksterne assessering terug te hou (in die geval van Graad 12 leerlinge); of
- 3.5 Skadevergoeding te eis vanaf die Rekeninghouer/s en/of die borg; of

### 3.6 Regstappe te neem soos benodig.

#### 4. Jurisdiksie

Hierdie kontrak is onderhewig aan Suid-Afrikaanse wetgewing.

#### 5. Kredietinligting

Die Rekeninghouer/s en/of borg gee hiermee toestemming vir die openbaring van persoonlike finansiële inligting met 'n kredietburo of finansiële instelling in ooreenstemming met die Nasionale Kredietwet.

#### 6. Algemeen

Hierdie kontrak omslaan die volle kontrak tussen die partye. Geen wysiging of eenparige kansellasië van hierdie kontrak of enige bepaling of term vervat daarin, wisselbrief of enige ander dokument uitgereik of uitgevoer in ooreenstemming met die terme vervat in hierdie kontrak en geen skikking of enige dispuut wat ontstaan in terme van hierdie kontrak en geen verlenging van tyd, afstanddoening of verslapping van enige termes of voorwaardes vervat in hierdie kontrak, wisselbrief of enige ander dokument uitgereik in ooreenstemming met die terme vervat in hierdie kontrak sal bindend wees nie, tensy dit vervat is in 'n geskrewe dokument wat deur beide partye onderteken is. Enige so 'n verlenging, afstanddoening of verslapping of opskorting wat gegee of gemaak is, sal slegs verwys na die onderwerp waarvoor dit gegee of gemaak is.

#### 7. Domicilium

Die partye tot hierdie kontrak kies as hul domicilia citandi et executandi die adresse soos uiteengesit in hierdie kontrak.

#### 8. Regskostes

In die geval waar die Skool regstappe teen die Rekeninghouer/s neem, sal die Rekeninghouer/s verantwoordelik wees vir die vereffening van alle regskostes, invorderingskostes, rente, asook opsporingskostes.

#### 9. Kansellasië

Die Rekeninghouer/s onderneem hiermee om 3 (drie) kalendermaande geskrewe kennisgewing te gee indien die leerling die Skool gaan verlaat, ongeag die rede waarom die leerling die Skool verlaat. Indien die leerling die Skool aan die einde van 'n skooljaar gaan verlaat, moet die geskrewe kennis voor of op 1 September van die betrokke jaar gegee word. Indien die leerling die Skool verlaat en die geskrewe kennisgewing, soos beskryf, nie gegee is nie of waar van toepassing, nie voor of op 1 September van die betrokke jaar gegee is nie, sal die Rekeninghouer/s aanspreeklik wees vir 3 (drie) maande se skoolfooie, soos bepaal deur die skoolfooistruktuur wat op daardie tydstip in plek is. Die 3 (drie) maande se skoolfooie sal onmiddellik, op aanbieding van die faktuur, betaalbaar wees.

Ons, die ondergetekendes, verklaar hiermee dat die inligting wat deur die Rekeninghouer/s weergegee is in hierdie kontrak, volledig en akkuraat is. Ons aanvaar afsonderlike en gesamentlike aanspreeklikheid teenoor Baken Akademie Skole (Pty) Ltd vir die stiptelike betaling van die eenmalige, nie-terugbetaalbare registrasiefooi, die jaarlikse kapitaal- en toerustingfonds, maandelikse skoolfooi, asook enige ander bedrae aan die Skool verskuldig ten opsigte van deelname aan of bywoning van enige buitemuurse aktiwiteite.

Hierdie kontrak tree onmiddellik in werking na die ondertekening hiervan en sal voortgaan vir die duur van die inskrywing van die leerling in die Skool.

## **ALGEMENE VRYWARING**

Ek, die Rekeninghouer/s en die ouer(s)/wettige voog(de) van die kind soos hierbo genoem, wie ingeskryf is in Baken Akademie en wie se inskrywing aanvaar is deur Baken Akademie, onderhewig aan die voorwaardes hierin vervat, vrywaar die Skool, asook die Direksie, personeel en verteenwoordigers van Baken Akademie Skole (Pty) Ltd (Regnr 2014/190215/07), vir enige verliese of skade oor die algemeen, hoe ookal dit mag plaasvind, wat ek as ouer(s)/wettige voog(de) van die bogenoemde leerling mag ly as gevolg van enige gebeurtenis waar die leerling betrokke mag wees.

Die Skool en die Direksie van Baken Akademie Skole (Pty) Ltd onderneem om alle redelike en algemene aanvaarde voorsorgmaatreëls te tref met betrekking tot die veiligheid van alle leerlinge, personeel en die besoekers van die Skool.

Ek gee toestemming dat die leerling betrokke mag wees by alle uitstappies wat onderneem word deur sy/haar klas/graad gedurende skoolure en waar van toepassing, die leerling gebruik mag maak van die vervoer wat deur die Skool gereël word vir hierdie uitstappies. Ek gee ook toestemming dat die leerling gebruik mag maak van die Skool se busvervoer na en vanaf die Skool, waar van toepassing. Ek vrywaar die Skool, die personeel en die Direksie van Baken Akademie Skole (Pty) Ltd (Regnr 2014/190215/07) vir enige verliese of skade wat ek as ouer(s)/wettige voog(de) van die bogenoemde leerling mag ly onder hierdie omstandighede en aanvaar vrywilliglik die risiko's wat hiermee gepaardgaan, behalwe as so 'n verlies of skade ontstaan as gevolg van growwe nalatigheid of opsetlike wangedrag van die Skool of die Direksie van Baken Akademie Skole (Pty) Ltd of enige persoon wat handel namens of wat beheer word deur die Skool of die Direksie van Baken Akademie (Pty) Ltd.

Die Rekeninghouer/s verbind hulle ook om hulle te onderwerp aan die Gedragskode en Reëls van die Skool soos vervat in Addendum A van hierdie kontrak. Die kode sal van tyd tot tyd aangepas word.

## **MEDIESE TOESTEMMING**

Gedurende 'n mediese noodgeval mag daar nie genoeg tyd wees om te verwys na die leerling se rekords nie. Die Skool behou dus die reg voor om gebruik te maak van die vinnigste mediese dienste wat beskikbaar is.

Die ouer(s)/voog(de) gee hiermee toestemming dat 'n mediese praktisyn noodbehandeling mag toepas soos benodig.

Die ouer(s)/voog(de) moet geskrewe toestemming en instruksies gee vir die toediening van voorskrifmedikasie gedurende skoolure of gedurende skoolaktiwiteite ná skool. Telefoniese toestemming moet deur ouer(s)/voog(de) gegee word vir die toediening van medikasie wat nie 'n voorskrif vereis nie.

## TOESTEMMING VIR DIE GEBRUIK VAN FOTO'S

Ek verstaan en aanvaar dat daar van tyd tot tyd informele foto's van die Skool se leerlinge geneem sal word en dat die foto's die besittings is van die Skool of beheer word deur die Skool.

Ek verleen my toestemming aan die Skool om die foto's in elektroniese en geskrewe media wat die Skool se webtuiste, koerantadvertensies, tydskrifadvertensies, brosjures, pamflette, baniere, plakkate, naamborde op geboue en voertuie asook sosiale media insluit, hoofsaaklik vir bemerkingsdoeleindes te gebruik. Baken Akademie Skole (Pty) Ltd sal ten alle tye, sover die foto's die besittings van die Skool of onder die beheer van die Skool is, sorg dat die foto's wat gebruik word van goeie smaak sal getuig.

Geteken te \_\_\_\_\_ op die \_\_\_\_\_ dag van \_\_\_\_\_ 20 \_\_\_\_ .

\_\_\_\_\_  
Handtekening van Rekeninghouer/s

\_\_\_\_\_  
Datum

\_\_\_\_\_  
Handtekening van Tweede Ouer/Voog

\_\_\_\_\_  
Datum

\_\_\_\_\_  
Handtekening van Gemagtigde Skoolverteenwoordiger

\_\_\_\_\_  
Datum

Getuies:

1. \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_  
Datum

2. \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_  
Datum

## ADDENDUM A

### GEDRAGSKODE EN SKOOLREËLS

Baken Akademie onderskryf 'n gedragskode om die volgende te koester en te bevorder:

- Die Christelike etos van Baken Akademie.
- Uitmuntende akademiese prestasie vir elke leerling volgens sy/haar vermoëns.
- Morele waardes in ooreenstemming met die Christelike etos.
- 'n Positiewe ingesteldheid teenoor alle fasette van Baken Akademie en die gemeenskap.
- Verantwoordelike gedrag ten alle tye.
- Inagneming en eerbiedigheid teenoor andere.
- 'n Netjiese voorkoms.
- Goeie maniere en hofflikheid ten alle tye.
- Gehoorsaamheid aan alle wette en die Menseregte Handves van Suid-Afrika.

As 'n leerling van die Baken Akademie Gemeenskap, onderneem ek om:

- Medeverantwoordelikheid te aanvaar vir die handhawing en uitbou van die Christelike etos, asook ander doelstellings soos vervat in alle kodes, reëls en regulasies van Baken Akademie.
- Daarna te streef om tydens werk en spel 'n voorbeeld van Christelike waardes te wees.
- Daarna te streef om my volle potensiaal te bereik in alles wat ek doen en andere te ondersteun in die verwesenliking van hulle potensiaal.
- Om trots te wees op my optrede, voorkoms en gedagtes.
- Respek te toon deur altyd hofflik, bedagsaam en behulpsaam te wees, selfs al lei dit tot persoonlike verontriewing.
- Deur die doelbewuste versorging en beskerming van die fisiese en natuurlike omgewing, my verantwoordelikheid daarteenoor te bewys.
- Alle wettige en redelike take wat aan my uitgedeel word, met passie en toewyding te vervul.
- Te aanvaar dat saam met regte kom verantwoordelikheid en dus ook aanspreeklikheid.
- Met moed en dryf moeilike tye te oorkom en op te staan en te verdedig wat reg is.
- Om ten alle tye sodanig op te tree om alle leerlinge van Baken Akademie te beskerm.



## 1. Kleredrag en Voorkoms

Slegs die amptelike goedgekeurde skooldrag en sportdrag, insluitend veranderinge van tyd tot tyd, mag tydens alle skoolaktiwiteite gedra word. Leerlinge moet ten alle tye netjies, skoon en versorg voorkom.

### 1.1 Skoolbaadjie

Elke leerling moet elke dag wanneer die skooluniform gedra word, 'n skoolbaadjie skool toe en weer huis toe dra. Leerlinge sal die geleentheid gebied word om die skoolbaadjie tydens skoolure in die klasse en op die skoolterrein uit te trek. Indien daar nie 'n das gedra word nie, moet die kraag van die hemp bo-op die kraag van die baadjie rus. Amptelike aansteeklapelwapens moet op die linkerkantste kraag aangebring word. Seuns moet ten alle tye die boonste knoop van die baadjie vasmaak. Baadjies is verpligtend by alle skoolaangeleenthede.

### 1.2 Skoolrompie/Broekrompie

Die rompie mag nie minder as 10cm vanaf die grond wees indien die leerling op haar knieë staan nie. Rompies mag nie rondom die middel omgerol word nie.

### 1.3 Hemde

Hemde moet ten alle tye ingesteek wees, insluitend tydens sportgeleenthede. Onderhemde mag gedra word, maar geen T-hemde nie.

### 1.4 Dasse

Dasse moet met 'n tradisionele knoop vasgemaak word en tot teenaan die kraag opgestoot word. Die onderpunt van die das moet net-net die gordel bereik.

### 1.5 Trui

Moue mag nie opgerol word nie en mag ook nie uitgerafel wees nie. 'n Baadjie bo-oor 'n trui is verpligtend.

### 1.6 Skoene

- Seuns:  
Skoene met veters of netjiese inrygskoene moet gedra word. Geen buitensporige verlengde hakke word toegelaat nie. Skoene moet daaglik gepoets word.
- Dogters:  
Skoolskoene met veters, gespes of "baby doll" styl mag gedra word. Skoene moet daaglik gepoets word.

### 1.7 Kouse

- Seuns:  
Geen helderkleurige kouse mag gedra word nie.
- Dogters:  
Gedurende die somer mag slegs kort, wit kouse gedra word. Die kouse moet bo-oor die enkels omgevou word en nie oor die kuit opgetrek word of tot die enkel omgerol word nie.

### 1.8 Sweetpakke

Slegs amptelike skoolsweetpakke mag gedra word. Volle sweetpakke moet

tydens sportgeleenthede gedra word. Die Skool se gholfhemp mag deur beide die seuns en dogters saam met die sweetpak gedra word. 'n Sweetpakbaadjie mag nie tydens 'n normale skooldag wanneer die skooluniform gedra word, in die plek van 'n skooltrui en skoolbaadjie gedra word nie. Ritsluiters moet ten alle tye opgerits wees.

#### 1.9 Hoofbedekkings (Hoede, Pette, ens.)

Slegs die amptelike hoede, pette en ander voorgeskrewe kopbedekkings mag gedra word en slegs op die manier waarvoor dit bedoel is. Dit is goeie maniere vir die seuns om hulle hoede/pette te verwyder as hulle 'n vertrek ingaan en lig aan te raak indien hulle onderwysers, ouers of besoekers groet.

#### 1.10 Juweliersware

Horlosies mag gedra word. Religieuse simbole mag aan goue en silwer kettingtjies gedra word op so 'n manier dat dit onder 'n hemp en nie sigbaar is nie. Geen WWJD, FROG of enige ander koperbande mag gedra word nie. Amptelike mediese bande is toelaatbaar.

- Seuns:  
Geen oorbelle, liggaamsprieme ("piercings/studs") in tonge, lippe of enige ander plek is toelaatbaar nie. Tatoeëermerke word nie as toepaslik vir leerlinge op skool beskou nie en word dus nie toegelaat nie.
- Dogters:  
Knoppiesoorbelle ("studs, bars/sleepers") mag in die oor gedra word. Slegs een per oor. Geen ander liggaamsprieme ("piercings/studs") in tonge, lippe of enige ander plek mag gedra word nie. Tatoeëermerke word nie as toepaslik vir leerlinge op skool beskou nie en word dus nie toegelaat nie.

#### 1.11 Hare

- Seuns:  
Hare moet skoon en netjies gehou word. Hare moet nie oor die ore en kraag hang nie. Hare in 'n stap gesny, afgesaag, "mullet" styl, vlindervlerke, gekleur of met ligstrepe ("highlights") is onaanvaarbaar. Die smaakvolle gebruik van gel sal toegelaat word, maar nie 'reier' of 'stekelrige' style nie. Vreemde of onreëlmatige haarstyle, nadelig vir die beeld van die Skool, sal nie toegelaat word nie. Die kortste wat die kop geskeer mag word, is 'n nommer "4". Geen poenskoppe nie. Geen wangbaard ("sideburn") nie. Seuns wat 'n baard het moet dit daagliks skeer.
- Dogters:  
Hare moet skoon en netjies in 'n natuurlike kleur wees. Hare wat skouers aanraak, moet gevleg wees of vasgebind word. Ongewone en ander haarstyle wat afbreek doen aan die Skool se beeld, sal nie toegelaat word nie. Hare moet met linte, bande of knippies in die amptelike skoolkleure vasgebind wees.
- Etniese hare:  
Hare mag nie aan die kraag raak nie. Hare mag nie gekleur word nie en geen gel mag aangewend word nie. Geen patrone, vorms, ens. mag in die hare ingesny word nie. Helderkleurige vasbindmateriaal word nie toegelaat nie.

Twee dae grasia sal toegelaat word om tyd te gee dat die regstelling van 'n onwettige haarstyl plaasvind. 'n Weiering om sodanige verandering aan te bring, sal as 'n ernstige verbreking van die reëls geld.

1.12 Grimering  
Geen grimering mag gebruik word nie.

1.13 Naels  
Naels mag nie oor die vingerpunte steek nie. Slegs kleurlose naellak sal toegelaat word. Naels moet altyd netjies en versorg wees. Geen vals naels sal toegelaat word nie.

1.14 Kougom  
Geen kougom word toegelaat nie.

## 2. Gedrag

Daar sal ten alle tye verwag word dat leerlinge van Baken Akademie onberispelike gedrag moet openbaar. Die gedrag en optrede sluit optrede binne en buite skoolverband in. Swak sportmanskap, vuil en onweloweglike taalgebruik, rassistiese opmerkings/grappe/kommentaar word nie geduld nie. Sensitiwiteit moet aan die dag gelê word in optrede tussen seuns en dogters.

- 2.1 Trots op die skoolterrein sal deur 'n onberispelike, skoon skoolterrein, klasse en ablusiegeriewe getoon word.
- 2.2 Geen leerling sal toegelaat word om die leeraktiwiteite van enige ander leerling of klas te ontwrig nie.
- 2.3 Geen gevaarlike speletjies of gedrag sal geduld word nie. Balspele en ander aktiwiteite sal binne goedgekeurde areas plaasvind.
- 2.4 Klaswisseling en beweging in die gange sal stil en ordelik plaasvind.
- 2.5 Dit is elke leerling se verantwoordelikheid om met die uiterste respek en hoflikheid teenoor alle onderwysers, kantoorpersoneel, werkers, ouers, besoekers en leerlinge op te tree.

Die gedrag sal onder andere insluit:

- Wanneer 'n volwassene, onderwyser of besoeker die leerling benader, sal die leerling opstaan en vriendelik groet.
- Bied dadelik hulp aan.
- Groet personeel, ander leerlinge en alle volwassenes as hulle by mekaar verbyloop.
- Indien 'n hoed gedra word, moet die seuns hulle pette aanraak as iemand hulle nader.
- Onderwysers sal aangespreek word as "Meneer" of "Juffrou", wat ookal van toepassing is.

- Ander volwassenes sal aangespreek word as “Meneer” en “Mevrou”, wat ookal van toepassing is.
  - Staan terug as ’n volwassene van vooraf in die gange, deure of ingange/ uitgange aankom.
  - Leerlinge sal alle vertrekke stil en ordelik ingaan en seuns sal meisies eerste laat ingaan. Meisies sal vriendelik erkenning gee aan goeie maniere.
- 2.6 Stiptelikheid is baie belangrik. Alle sorg moet geneem word om betyds by aktiwiteite aan te kom. Dit sluit voorskool, klasse en ander aktiwiteite in.
- 2.7 Ons dring daarop aan dat leerlinge onafhanklike denke ontwikkel, vrae vra en in besprekings betrokke raak. Beledigende optrede en ongeskiktheid teenoor onderwysers en leerlinge sal egter nie geduld word nie.
- 2.8 Leerlinge mag nie:
- Die skoolperseel sonder toestemming tydens skoolure verlaat nie.
  - Sonder toestemming van die Skool afwesig wees nie.
  - Besoekers by die Skool sonder toestemming ontvang nie.
  - In skooldrag duimgooi nie.
  - Buite die skoolperseel rondlê en wag nie.
  - Die Skool sonder toestemming vroeg verlaat nie.
  - Fisies baklei, mekaar slegsê, beledig, vloek of intimideer nie.
  - Personeel- of werkkamers ingaan nie.
  - Skooltasse in areas los waar dit verbied word nie.
  - Baken Akademie of ander persone se besittings verwyder, gebruik of leen nie.
  - Graffiti op enige plek aanbring nie.
  - In die kleedkamers speel of onnodige tyd daar spandeer nie.
- 2.9 Selfone
- Selfone mag nie aangeskakel wees of gebruik word binne ’n klas, eksamen-lokaal, saalopening of enige ander areas of geleentede waar dit ’n steurnis kan veroorsaak nie.
  - Indien jou selfoon wegraak, is dit jou verlies en jou probleem.
  - Selfone mag nie as sakrekenaars gebruik word nie.

- 2.10 Leerlinge is verantwoordelik vir hul eie besittings en mag dit nie sonder toesig iewers laat nie.
- 2.11 Daar waar die skoolafdelings mekaar raak of oorvleuel, mag leerlinge nie areas wat deur 'n ander klasgroep gebruik word, betree en beslis nie die jonger leerlinge se areas sonder toestemming betree nie.
- 2.12 Afwesigheid vanaf die Skool se akademiese tyd, asook enige ander skoolaangeleentheid, is nie aanvaarbaar nie. Sodanige toestemming moet telefonies deur die ouer(s)/voog(de) verkry word en dan met 'n skriftelike verduideliking opgevolg word. Leerlinge wat akademiese werk as gevolg van afwesigheid sonder toestemming mis, sal self die werk moet inhaal.
- 2.13 Leerlinge wat deur Baken Akademie gekies, verkies of versoek/gevra word om die Skool te verteenwoordig, moet aanvaar dat hulle 'n verantwoordelikheid het om dit by te woon. Deur nie op te daag nie, word jou spanmaats en skool in die verleentheid gestel. Enige leerling wat swak sportmanskap tydens spel of langs die sportvelde openbaar of wat van die veld deur 'n skeidsregter gestuur word of wat vuil of beledigende taalgebruik openbaar, sal ná die geleentheid aangespreek word.
- 2.14 Leerlinge moet dadelik kennisgewings aan die ouer(s)/voog(de) oorhandig en ook dadelik die antwoordstrokies na die Skool terugstuur.
- 2.15 Verpligte funksies
- Sekere funksies deur die loop van die jaar is verpligtend en leerlinge mag slegs verskoon word indien die skoolhoof se toestemming verkry is.
  - Datums van die funksies sal lank vooraf aan die leerlinge bekend gemaak word.
- 2.16 Leerlinge wat in die besit van pornografie, rassistiese of ander beledigende materiaal betrap word, sal in terme van die skoolreëls hanteer word.

### 3. Klaskamergedrag

Baken Akademie vereis 'n verbintenis en toegewydheid tot akademiese uitnemendheid. Om akademiese voortreflikheid te bereik, moet ons op die volgende klaskamerreëls konsentreer:

- 3.1 Stiptelikheid - Wees betyds vir die begin van elke klas/les/aktiwiteit.
- 3.2 Klaskamerroetine - Geen ontwrigting van klaskameraktiwiteite sal geduld word nie.
- 3.3 Klaskameratmosfeer - Deelname aan klasaktiwiteite, besprekings en klasse is 'n voorvereiste, maar dit sal met hartlikheid en respek gedoen word.
- 3.4 Huiswerk - Doen dit altyd getrou en met ywer. Huiswerk sal nie gegee word om leerlinge besig te hou of om ouers tevrede te stel nie. Dit sal doelgerig en bepland gegee word, met bepaalde doelwitte wat bereik moet word. Dit word dus vereis dat huiswerk beskou moet word as 'n voortsetting van gewone klasaktiwiteite.

- 3.5 Assessering - Behoorlike voorbereiding vir toetse en eksamens is 'n vereiste om vordering te kan bepaal.
- 3.6 Rekenaars - Leerlinge mag geen veranderinge op enige rekenaarsstelsel (sagteware of hardeware) aanbring nie. Leerlinge mag geen sagteware oplaai sonder die skriftelike toestemming van die onderwyser nie en leerlinge mag ook nie enige lêers verwyder of kodes verander nie. Leerlinge wat enige ongemagtigde toegang tot medeleerlinge se rekenaarlêers verkry, kan moontlik van bedrog aangekla word.
- 3.7 Rekenaarsentrum - Leerlinge mag nie sonder toesig en/of toestemming in 'n rekenaarsentrum werk nie.
- 3.8 Internetgebruik - Leerlinge mag die internet slegs vir akademiese doeleindes en onder leiding van 'n onderwyser gebruik.

#### 4. Diefstal en Oneerlikheid

Diefstal is 'n kriminele oortreding. Die bekamping van diefstal en alle vorms van oneerlikheid is die verantwoordelikheid van alle lede van die Baken Akademie gemeenskap. Geen duur-same items mag skooltoe gebring word nie. Medeleerlinge se besittings moet ten alle tye met rus gelaat word - geen inmenging met medeleerlinge se besittings sal geduld word nie. 'n Leerling wat in die teenwoordigheid van 'n oortreder is, is ook skuldig aan 'n oortreding. Bring onmiddellik 'n verdagte onder die aandag van 'n personeellid of 'n senior leerling.

- 4.1 Skooleiendom - Enige ongemagtigde gebruik, misbruik of verwydering van enige items sal as diefstal hanteer word.
- 4.2 Enige vorm van oneerlikheid gedurende 'n toets of eksamen of met huiswerk is 'n ernstige oortreding. 'n Skuldige leerling sal summier 'n nul (0) punt vir die betrokke toets, eksamen of opdrag ontvang.
- 4.3 Enige vorm van oneerlikheid word as 'n ernstige oortreding beskou en sal met 'n formele ondersoek na die omstandighede opgevolg word.

#### 5. Vandalisme

Vandalisme sal nie geduld word nie. Die Skool behou die reg voor om kompensasie te eis vir skade of verlies vanaf die oortreder/s en/of die betrokke ouer(s)/voog(de). Opsetlike beskadiging of peutery met eiendom/toerusting sal in 'n baie ernstige lig beskou word.

#### 6. Viktimisasie

Viktimisasie (ingesluit, maar nie beperk tot afknouery, bakleiery, intimidasie, asook enige vorm van rassisme, religieuse onverdraagsaamheid en enige ander vorm van diskriminasie) sal nie geduld word nie.

#### 7. Afknouery (Bullying)

- 7.1 Baken Akademie volg 'n zero tolleransie beleid ten opsigte van enige vorm van afknouery en sluit in enige vorm van kwetsende/skadelike insidente, hetsy fisies of verbaal. Hierdie oortredings sal in 'n baie ernstige lig beskou word en leerlinge moet mekaar ondersteun deur insidente onverwyld aan 'n personeellid te rapporteer.

- 7.2 Verbale teistering is dreigemente, gebare of verbale aanvalle op persone, ingesluit aanvalle op grond van ras, etnisiteit, geloof, fisiese of verstandelike vermoëns, wat mondelings of per brief, e-pos, internet, Facebook, SMS of enige ander vorm van kommunikasie wat tans bestaan of in die toekoms nog in gebruik gaan kom.
- 7.3 Fisiese teistering is enige optrede wat 'n ander persoon se fisiese welstand bedreig of 'n persoon fisies skade berokken of fisies in gevaar stel.
- 7.4 Geen vuurwapens, luggewere of enige vorm van 'n wapen mag onder enige omstandighede skooltoe gebring word nie.
- 7.5 Geen vorm van teistering wat verwysing maak van manlike/vroulike geslag sal geduld word nie.

## 8. Verbode Middels

Die gebruik van alkohol en dwelms is streng verbode. Enige leerling in besit van of onder die invloed van dwelms of alkohol of wat aktief of passief betrokke is by aktiwiteite rakende hierdie verbode middels, kan versoek word om die Skool summier te verlaat. Hierdie reëling geld vir enige leerling wat as sodanig geïdentifiseer kan word, hetsy op die skoolterrein, gedurende 'n uitstappie, toer of ander skoolaktiwiteite. Dissiplinêre stappe sal ook geneem word teen enige leerling wat in die teenwoordigheid van die oortreder/s was.

- 8.1 Indien daar 'n redelike vermoede bestaan dat 'n leerling onder die invloed van alkohol of dwelmmiddels is, sal die leerling - in samewerking met die ouers - vir toetsing gestuur word.
- 8.2 Daar sal van leerling/e wat positief getoets word vir verbode middels tydens lukrake of doelgerigte toetsing deur Baken Akademie, verwag word om 'n rehabilitasie-program by te woon. Hierdie program sal in konsultasie met Baken Akademie plaasvind. 'n Tweede toets (koste vir ouers) moet na ten minste ses (6) weke na die eerste toets gedoen word. Indien hierdie toets positief is, sal dissiplinêre stappe volgens die Baken Akademie Gedragskode gedoen word.
- 8.3 Rook is streng verbode. Leerlinge wat rook op die skoolterrein of in skooldrag buite die skoolterrein of tydens 'n uitstappie of toer of by enige geleentheid waar die leerling/e as 'n leerling van Baken Akademie geïdentifiseer kan word, sal onderhewig wees aan die voorgeskrewe dissiplinêre kode. Dit sal beskou word asof leerling/e rook indien die leerling/e in besit van 'n sigaret betrap word of 'n sigaret vashou - aangesteek of nie.

## 9. Dissiplinêre Kode

### 9.1 Kategorie 1 - Minder Ernstig van Aard

Hierdie oortredings sal deur die betrokke onderwyser hanteer word, deur die reëls te volg wat deur die personeel, afdelingshoofde of die skoolhoof opgestel is.

Die maatreëls kan insluit:

- Detensie
- Verbale of skriftelike verskonings
- Verbale waarskuwings
- Gemeenskapsdiens

9.2 Aanhoudende oortreding van Kategorie 1-Oortredings sal lei tot Kategorie 2-Ernstige Oortredings.

Die maatreëls mag Kategorie 1-maatreëls insluit, asook:

- Verwysing na die graadonderwyser en 'n aantekening op die leerling se lêer.
- Langer detensie wat voorrang sal geniet bo alle ander aktiwiteite.
- Onderhoud met/brief aan ouer(s).
- Skriftelike waarskuwing.
- Verwysing vir berading.

9.3 Kategorie 3 - Ernstige Misdrywe

Die oortredings sal hanteer word deur die skoolhoof en/of direkteure of hul aangestelde agente en uiteindelik die Dissiplinêre Komitee, wat sal bestaan uit die direkteure en die skoolhoof. Die skoolhoof is verantwoordelik vir die ondersoek na die aangeleentheid.

Maatreëls mag Kategorie 2-maatreëls insluit, asook:

- 'n Finale waarskuwingsbrief.
- Onmiddellike interne of eksterne tydelike skorsing van die Skool.
- Die implementering van die proses vir permanente skorsing/verwysing na korrektiewe institusie/oorplasing na 'n ander skool.
- Kontak maak met die SAPD.

9.4 Dissiplinêre Verhoor

- Die direkteure of die skoolhoof of hul aangestelde agent, sal alleenlik besluit of 'n oortreding 'n verhoor regverdig en sal dus verantwoordelik wees om 'n dissiplinêre verhoor te reël.
- Die Dissiplinêre Komitee sal bestaan uit die direkteure en/of die skoolhoof en een onderwyser.
- Geen ouer, regsverteenvoorder of eksterne persone mag die Dissiplinêre verhoor bywoon nie, maar die leerling mag wel 'n onderwyser of 'n ander leerling nomineer om hom/haar by te staan en/of te verteenwoordig.
- Twee dae kennis sal aan die leerling gegee word voor die verhoor sal plaasvind, asook 'n volledige lys van sogenaamde oortredings.